# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. Donderdag 7 Junie 1956. NR. 6.


# Grootuitbreidings noodsaak Groot uitgawes

## Beroep op Pukke om te help met grootskaalse Insamelingsveldtog

In 'n onderhoud met meneer Tjaart van der Walt, voorsitter van die Studenteraad, het hy onlangs verklaar dat die Studenteraad eersdaags met 'n skuld van ongeveer £7,500 belas sal wees. Die Studenteraad gaan pogings aanwend om hierdie las grootliks te verlig, maar het daarvoor die heelhartige hulp en steun van die studente nodig.

Meneer van der Walt het ter inligting gesê dat daar op die oomblik nog £1,068 skuld op die Studentesaal is. Wanneer die nuwe kafeteria in gebruik geneem word, sal 'n bedrag van ongeveer £6,400 tot die skuld bygevoeg word, sodat dit uiteindelik op ongeveer £7,500 te staan sal kom. Hierdie laaste bedrag sal bestee word aan ons deel van die boukoste van die kafeteria, kantore en argief; vir die versorging van die terrein, vir die meubilering van die kantore en die kafeteria asook die aankoop van voorraad daarvoor

### AFBETALING.

Die Studenteraad kan beswaarlik veel meer as £1,500 per jaar aan hierdie bedrag afbetaal sonder hulp van die kant van die studente. Dit sou dus vyf jaar neem om hierdie skulde te delg. In geval die Studenteraad £1,500 per jaar sou afbetaal, sou alle moontlike gelde daaraan bestee moes word en alle verdere noodsaaklike uitbreidings vir ongeveer vyf jaar vertraag moes word. „En ons sou nie graag die studente van die toekoms met ons skulde wou belas nie," was die strekking van Meneer van der Walt se woorde. Hy het bygevoeg dat dit hoofsaaklik te danke is aan die insamelingsveldtog van die Studenteraad van 1953, dat die aanbou van die Studentesaal en die kafeteria begin kon word.

### BEROEP OP STUDENTE.

Daarom wil die Studenteraad probeer om die afbetalings van hierdie skulde sover moontlik te bespoedig. „Ek is oortuig daarvan dat as elke Puk sy volle gewig ingooi, ons vanjaar 'n addisionele bedrag van £2,000 sal kan afbetaal", het die Voorsitter verklaar en 'n beroep op die studente om hul steun te gee, gedoen.

„Die wyse waarop te werk gegaan sal word met die insameling van die beoogde bedrag, sal in die eerste plek 'n **hof-konsert** behels — iets in die lyn van die Hof van Hades (met 'n paar verrassings)," het Meneer van der Walt vertel. „Goedgesinde persone sal voor die Hof gedaag, aangekla, verdedig en skuldig bevind word, waarop hulle dan 'n boete sal moet betaal. Verdere kleur sal aan die program verleen word deur die optrede van lede van Thalia en Alabama." Teen die middel van Junie sal hierdie metode op Potchefstroom op proef gestel word en indien dit 'n sukses blyk, sal toere ook na ander sentra onderneem word.

Die ander wyse van geldinsameling sal neerkom op 'n grootskaalse **kollekteveldtog** deur die studente.


Meneer van der Walt het verklaar dat dit grootliks vergemaklik sal word vir die kollektante deur i.p.v. bloot kollektelyste, boekies uit te ryk waarin kwitansies en briewe met inligting omtrent die doel van die kollekte, voorkom. Ten einde oorvleueling van die gebiede van die kollektante sover moontlik te voorkom, sal elkeen se gebied sover doenlik beperk word. Om die sukses van die veldtog verder te verseker, sal ervare kollektante die Pukke vooraf inlig oor hoe om te werk te gaan met die insameling. Sekere persone sal ook per pos om bydraes genader word.

**„So reken ek dat ons £2,000 ingesamel sal kry. Maar dan moet ons kan staatmaak op die heelhartige ondersteuning van elke Puk"**, het die Voorsitter aan die einde van die onderhoud verklaar.

### AFSLAG OP N.T.O. KAARTJIES

**Studente wat afslag by N.T.O. opvoerings wil kry, kan voor 'n opvoering kaartjies, met die Studenteraad-stempel op, aanvra by mej. R. Dekker as bewys van hul studenteskap. Sodanige kaartjie kan by alle N.T.O. opvoerings gebruik word en moet dus bewaar word.**

## Hoofredakteur bedank



E. J. SMIT

Die redaksie van „Die Wapad" het verlede week afskeid geneem van mnr. E. J. Smit wat bedank het as Hoofredakteur. Graag wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om mnr. Smit te bedank vir die dienste wat hy op so 'n bekwame wyse gelewer het. „Die Wapad" het floreer onder sy leiding. Al sy handewerk, intense belangstelling en opoffering word op prys gestel.

## Prysvraag.

Die redaksie het besluit om 'n nuwe rubriek te publiseer. Ons het dit egter goed gedink om ons lesers ook die geleentheid te gee om hul stem te laat hoor, en daarom het ons besluit om 'n prys van **tien sjielings** af te sonder vir die persoon wat die mees geskikte naam en bypassende skets aan ons kan voorlê. Die idee van die rubriek is om interessante artikels oor verskeie vakwetenskappe te publiseer. Onder „interessant" word hier verstaan 'n artikel wat vir **alle persone** interessant sal wees, en nie 'n tegniese uiteensetting waarvan net 'n paar persone iets kan **verstaan nie.**

Inskrywings van persone wat wil meeding moet die redaksie voor of op 15 Junie bereik. Die skets moet ongeveer 4"x1½" wees, of groter in dieselfde verhouding.

BESOEK—

**HARRY JEDEIKIN**

VIR

BOUMATERIAAL TIMMERHOUT en YSTERWARE.

TEVREDENHEID GEWAARBORG

Foon 639 — 115 Kerkstraat

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

**DAMES!!**

Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 56A — FOON 1389

POTCHEFSTROOM

**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**LOOCK Kleremakers**

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 102 — Telefoon 855

POTCHEFSTROOM.

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**

vir al u

Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

**JAY'S GARAGE**

(K. NOBEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175,

POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM**

Vir die Mooiste

PORTRETTE en RAME

SANLAM-GEBOU

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

Mansuitrusters

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

**CORNER FRUIT STORE**

vir al u

- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

VRUGTE en GROENTE.

Bekend vanweë sy UITSTEKENDE DIENS!!

**TURKSTRA BAKKERY**

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**BLITZ!...**

DROOGSKOONMAKERS

Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

**DIE BULT SKAATSBAAN**

„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"

Oop vanaf 7.30 in die aand

**FLEURETTE BLOEMISTE**

Kerkstraat 91,

POTCHEFSTROOM.

SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

**HAROLD'S**

AUTOMOBILE SERVICE STATION.

Kerkstraat 166 — Telefoon 1293

Potchefstroom.

Voorraadhouers van alle

Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

**SUPER ORANGE**
**TING-A-LING**
**PEP-A-DILLA**
**TOP HAT**

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 — P.O. Box 134

Die Wapad

Donderdag, 7 Junie 1956

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# DIE Afrikaanse STUDENT EN DIE BUITELAND

Die klag is meermale teen die Afrikaner ingebring dat hy geïsoleerd van die buiteland lewe en wil lewe en derhalwe belangloos staan t.o.v. die ontwikkelinge en verwikkelinge buite die grense van Suid-Afrika. Die beskuldiging is sekerlik gegrond en uit die aard van die geskiedenis van ons volk en die geografiese ligging van ons land is dit wel te begrype. Dit bly egter nietemin 'n **aanklag,** omdat ons alleen daardeur skade kan ly, juis omdat die voortbestaan van enige volk vandag ook bepaal word deur gebeurtenisse wat hulle in ander dele van die wêreld afspeel.

Suid-Afrika, en meer bepaald die Afrikaner, het in die afgelope aantal jare die voorwerp geword van beswaddering en verkleinering in die buiteland deur persone wat in hulle eie oë kenners van die vraagstukke van ons land is, veral m.b.t. die nie-blanke bevolking. Maar ook mede-studente doen mee aan die opsetlike wanvoorstellinge van die toestande in Suid-Afrika. Die Afrikaners en die regeerders van ons land word voorgehou as despote wat die gekleurde rasse van Suid-Afrika onderdruk en verdruk: nie-blanke teringleiers word in die veld neergelê ten einde hulle dood te bespoedig, so word beweer, en die naturelle word van hulle huise verdryf sodat blankes daarin kan gaan woon (bedoelende die ontruiming van die slamse aan die Rand). Dit het onder ons aandag gekom dat bepaalde studenteleiers van sekere Suid-Afrikaanse Universiteite soortgelyke bewerings gemaak het toe hulle die geleentheid gegun is om 'n vergadering te Oxford toe te spreek oor apartheid, terwyl hulle onlangs in die buiteland getoer het.

Vraag is nou wat ons as studente in hierdie verband te doen staan. Die A.S.B. het reeds op hierdie vraag 'n antwoord gegee: ons moet kontakte soek in die buiteland sodat ons die waarheid i.v.m. die vraagstukke van ons land kan uitdra en die standpunte in verband daarmee ook van ons kant kan stel. Dit is noodsaaklik omdat die invloede vanuit die buiteland weer inwerk veral op die nie-blankes van ons land. Maar ons doel met kontak met die buiteland moet ook wees om iets van die ander lande, en veral ook van buitelandse studente-aangeleenthede te leer. Die A.S.B. het in hierdie verband reeds iets gedoen, o.m. met die oorseese konserttoer en deur die werksaamhede van die departement van buitelandse betrekkinge van die Bond. Die aanstaande kongres van die A.S.B. sal gaan oor die Afrikaner en die buiteland.

Verder beywer die A.S.B. hom om lid te word van die I.S.C. (Internasional Students Conference) sodat die Afrikaanse studente ten volle betrek kan word in die internasionale studenteverkeer; 'n lidmaatskap waarop ons aanspraak het as synde die verteenwoordigende liggaam van die meeste Suid-Afrikaanse studente.

Ons vertrou dat elke Afrikaanse student en in besonder elke student van die P.U. vir C.H.O. alleen ons land tot eer sal wees, ook in die buiteland. Alleen dan sal ons wanindrukke wat bestaan, kan uitwis, en ons posisie in die reine bring.

J. v.d. V.

## Oordenking

# LEWE PLUS!

Teks:- Luk. 17:26,27:— **En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens. Hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het . . . .**

„En, Doninee, sê my 'n bietjie: Is **dans dan nou sonde?** En wat is daarmee verkeerd om kaart te speel? Wat kan die beswaar van die kerk wees as ek 'n kaartjie by die lotery uitneem?" Dit is almal vrae wat ons dag na dag hoor en dit is ook te verstane want dit is dinge waarmee ons elke dag te doene het. Daar is seker nie 'n vraag wat meer in Christelike kringe gestel word as „Is dit nou sonde?" nie. Dit is waar, ja, ons moet gedurig die sonde teëwerk. Ons kan daarvan ook nie wegkom nie, dit rem ons gedurig aan die baadjie.

Tog, daar kan so 'n groot gevaar wees in hierdie genoemde lewenshouding. Ons kan so maklik negatief ingestel word teenoor die lewe. Ons lewe gaan so maklik beperk tot sekere dinge wat ons **nie** mag doen nie. En wat dan van die dinge wat ons **wel moet** doen?

As Jesus aan die dae van die wederkoms dink dan vergelyk Hy dit met die dae van Noag. Die mense het geëet en gedrink en getrou. „Maar wat is daarmee verkeerd?" vra ons, terwyl ons mekaar fronsend aankyk! Kan daar nou sonde in wees om daardie bloot natuurlike dinge te doen? Die Bybel self skryf dit dan voor! Nee, maar die fout lê nie in wat daar wel gesê is nie, maar in wat daar **nie** gesê is nie. Eet, drink, trou, punt. In vers 28 word daar van die dae van Lot gesê: „Hullé het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou . . . " Maar weer die blootalledaagse, die gewone. Dit wat ons almal elke dag doen!

Maar so leef iemand, wat 'n christen is, tog nie! Daar is tog 'n **plus** in sy lewe. Die gewoon-alle-daagse **plus. .!** Die geloof is tog iets wat **positief** wil wees en na buite tree. Ag, ons gedurige gesanik oor: „Is dit en dat nou sondig of verkeerd?", lyk so powerarmoedig. Dit lyk of ons so na as moontlik aan die afgrond wil loop, en darem net-net nie in te val nie. **Negatiwiteit!**

Waar is dan die plus wat van ons christene maak? Ons lyk weliswaar nes die „ander mense", ons dra ook dieselfde klere as hulle, maar ons lewe, ons Christelike lewe word gekwalifiseer deur dit wat ons **meer** as ander doen en die feit dat ons dit anders doen. Ons dade is gerig **na God toe,** en beweeg nie alleen in die vlak van die stoflike nie. Vra u nou nog: „Is dit dan sonde?" Nee, vra liewer: „Is dit tot eer van God? Is dit tot God gerig?" Positiwiteit! Doelgeregtigheid! So moet die gebou van ons studentegemeenskap opgetrek word op daardie groot Christelike plus. So word ons onderskeid beklemtoon. So leef ons waarlik ons Christelike roeping uit! Die Christen het 'n eie styl waarin hy bou. Die spits toring na bo. Dit is die Christelike daad wat tot eer van God strek. Die ongelowige bou in horisontale lyn: die stoflike.

A. J. du Plessis.

**REDAKSIE**

F. W. de Klerk (Hoofredakteur), P. J. S. de Klerk, D. C. Coetsee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf), mej. H. Rautenbach (Kuns).

**ADMINISTRASIE**

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
**Kerkstraat 70 — Telefoon 312**
**POTCHEFSTROOM.**

**Phone 369 Foon 369**
**POTCHEFSTROOM**
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
WESTVAAL

VIR .....
VIS, ERTAPPELS,
VERVERSINGS, ens.
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
WELKOM KAFEE

JOE'S MOTORS
25 Kerkstraat Foon 923
HANDELAARS IN ONDERDELE
KOOP EN VERKOOP
TWEEDEHANDSE
MOTORS
ONS WAARBORG ALLE
HERSTELWERK.

I. GLASER
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan
OMEGA en TISSOT
HORLOSIES
JUWELIER

# *Theos nog Voorbokke in Liga.*

Na hulle groot neerlaag van 18—6 in hulle teleurstellende vertoning teen Tukkies het Theos verlede Saterdag mooi reggeruk en Western Reefs 6—0 geklop. Deur hierdie wedstryd te wen, het Theos gesorg dat hulle nog bo aan die punteleer vir die Neser-beker is.

Hierdie stewige vertoning is veral prysenswaardig aangesien Puk moes klaarkom sonder die diens van hulle drie Wes-Transvaal spelers, Stoney, Nokkels en De Lange, terwyl Hennie van der Walt ook nog buite aksie was.

Dit was 'n harde wedstryd waarin die voorspelers mekaar opgedreun het, terwyl die wedstryd ook gekenmerk is deur die sterk verdediging van albei agterlyne. Cecil Harrington het vir al die punte van die wedstryd gesorg deur vroeg in die eerste helfte 'n skepdoel te behaal en kort daarna ook 'n strafskop deur die pale te loods.

In die afwesigheid van Stoney het At Slinters as kaptein opgetree en die span op 'n bekwame wyse aangevoer.

## Tweede Span.

In 'n wedstryd wat nie veel hoogtepunte opgelewer het nie, het die Navy 8—0 teen Western Reefs verloor nadat laasgenoemde span 'n doel en 'n strafdoel aangeteken het. Die Navy voorhoede het die bal so gereeld soos klokslag aan die agterlyn besorg, maar hulle was nie instaat om hulle kanse te benut nie.

Soos gewoonlik het die O/19A weer 'n maklike oorwinning behaal toe hulle Klerksdorp verslaan het met 17 punte teenoor 0. Hulle is weereens vinnig op pad om die voorlopers in hulle liga te word.

UNIE BAKKERYE
Posbus 244 — Foon 167 en 1086
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.
Kerkstraat 38, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp




„Kry 'n Kommando!"
Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys
NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK
Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!
* *Uit fabrieke in al vier die provinsies, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*
DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!
G1/441-2A

Ed. L. OOMS, (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• OOGKUNDIGE.
• Brilspesialiteit.
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depot: CARLZEIS-JENA.

S.A.N.L.A.M.
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
•
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

# Van Studenteraadswee

Die eerste helfte van 1956 is haas ten einde: en vir ons studentelewe beteken dit 'n tydjie van halfjaarlikse verslae. Sterkte aan die opstellers — en geduld vir die aanstaande aanhoorders. Dit is goed om af en toe 'n oorsig oor wat gedoen is, te kry: veral as dit mens tot dankbaarheid en beskaamdheid sal stem.

Die halfjaarlikse verslae van die vier **Hoofliggame** asook van sewe van die agt **Komitees van die Studenteraad** (behalwe die Stoor-komitee) moet op 19 Junie by die Studenteraadskantoor ingehandig word. Terloops, S.R.-kantoor-ure op Dinsdae is van 2.00 nm. tot 3. nm..

Die Hoofliggame sal self so gou moontlik die datum(s) waarop die verslae van hulle verskillende **onderliggame en komitees** in moet wees, vasstel en bekendmaak.

En D.V. op 25 Junie hou ons dan 'n **Massavergadering** waar 'n verslag van die werksaamhede van die afgelope halfjaar gelewer sal word.

## RIC-KOMMISSIE.

Hartlik welkom aan **mnre. Harry Brinkman, Cyril Ritchie** en **Olof Sandberg** wat eersdaags in ons midde is om namens die RIC inligting te versamel oor hoër-opvoedingsaangeleenthede in Suid-Afrika. Ons sien uit na u besoek en wil die hoop uitspreek dat dit nie alleen aangenaam nie, maar ook vrugbaar sal wees. Ons vertrou dat u al die onderhawige feite onder oë sal kry: want dan sal ons saak des te sterker staan.

## NUWE GESIGTE.

In die plek van mnr. **A. P. Brink** is onlangs as Thalia-voorsitter **mnr. J. D. van der Vyver** en as ABKK-sekretaresse **mej. S. Yssel** verkies. Hartlik geluk!

Dan het nog een van die staatmakers van die verlede die las van veelvuldige verpligtinge te swaar op hom voel druk. Gelukkig het hy nie heeltemal briek aangedraai nie. Vir al die toegewyde arbeid as assistent-hoofredakteur (1955) en as hoofredakteur (1956) van DIE WAPAD, ons hartlike dank, **Rassie!** Ons hoop dit sal nou dat die las ligter is, beter gaan met die gesondheid en die Semitiese Tale. Veel sterkte ook aan **mnr. E. J.** Smit se opvolger, **mnr. F. W. de Klerk.** Ons weet DIE WAPAD bly in bekwame hande.

En dan is **mnr. P. A. Smit** se gesig deesdae so goed as nuut. Hartlik geluk met die verlowing, Peet: jy stel 'n voorbeeld vir jou mede-broeders.

## KULTUURFEES.

So teen die einde van Augustus wil die ABKK op ondubbelsinnige wyse toon dat hulle werklik 'n liggaam is wat die belange van kuns en kultuur in ons studentegemeenskap behartig en bevorder. By hierdie geleenthid gaan glo op kulturele wyse feesgevier word. Ons verwag veel!

## LENTESKOOL.

Die Sewende Transvaalse Lenteskool word van 2—12 Julie te Warmbad gehou. Die dienste van 'n uitstekende span kursusleiers is vir hierdie doel verkry, o.a. proff. H. A. du Toit en B. J. Engelbrecht (teologie), S. P. E. Boshof (Afrikaanse uitspraak) en H. M. v/d Westhuizen (kultuurgeskiedenis) asook mnre. Anton Hartman (musiekwaardering), Anton Hendriks (kunswaardering), Gideon Roos (radiowese), A. M. van Schoor (joernalistiek) en Steve van der Merwe — 'n oud-Puk — en sy gade (volkspele). Losiesgeld: £4; Lesgeld £1.

Skryf aan

Mnr. M. C. Strydom,
Ludorfstraat 116,
Warmbad.

Hy sal u van 'n prospektus en verdere besonderhede kan voorsien.

**Ondersteun hierdie goeie saak, Pukke! En dink aan die stuk of tien dae by Warmbad en sy waterbronne — vir die reuse bedrag(!) van £5.**

## TREURIGHEID OP NOTE.

Soos u almal weet, is die vleuelklavier in die Studentesaal nie die eiendom van die Studenteraad nie maar van die Raad van die P.U. vir C.H.O.. Tog word hy goedgunstiglik deur die owerhede vir gebruik deur studente by sekere geleenthede afgestaan.

In die afgelope tyd het die vleuelklavier egter so onder minder simpatieke hande deurgeloop dat dievolgende reëling getref moes word:

(i) Die klavier sal normaalweg gesluit wees.

(ii) Die sleutel kan egter by die Kantoor (van die P.U. vir C. H.O.) afgehaal word mits

(iii) vooraf skriftelike toestemming van Prof. M. C. Roode, Hoof van die Musiekkonservatorium, verkry word.

## WENKE.

Kom gerus met u wenke in alle opsigte, Pukke. Dis nie alleen ons wat wil leer nie, maar ook die ander besture. In die afgelope tyd het 'n hoofliggaam veral namens een van sy onderliggame die aandag van die Studenteraad daarop gevestig dat slegs onderlangse kritiek geuiter word wat nooit by die bestuur — wat maar te graag daarvan sou wou kennis neem — aanland nie. Op die manier word meer afgebreek — en dit deur mede-Pukke — as opgebou.

Ons simpatiseer met die betrokke onderliggaam. Hulle kan egter dankbaar wees dat hulle nou eers in ernstige mate daarmee te doen kry.

**Kom dan, Pukke, vryelik met u wenke en kritiek na al u besture. Alleen so kan ons saamwerk en saambou.**

T. v.d. W.

# Op die S.R.-Tafel

17 Mei — 29 Mei.

- RIC en ISC
- Eerstejaars
- Lenteskool
- Toere
- Benoemings
- Toerusting van nuwe kantore
- Kultuurfees ABKK
- Inlywing
- Kontrolestelsel
- Lenings en Begrotings
- Verkiesings
- Huishoudelike sake van onderliggame.

# Korps-Publikasie sien die lig.

Die eerste daadwerklike poging tot publikasie deur die Publikasiekomitee van Korps Veritas Vincet het sowat 'n maand gelede die lig gesien, naamlik „Ons jeug en ons". Dit is 'n artikel in pamfletvorm deur dr. K. S. van Wyk de Vries, oorgeneem uit „Die Weste" met goedgunstige toestemming van die Redaksie van die nuusblad. Dit het aan die lig gekom uit 'n onderhoud met die sekretaris van die Korps Publikasiekomitee, mnr. H. J. (Tokkelok) van der Walt.

Die pamflet word grotendeel deur die F.A.K. versprei en op die eerskomende programvergadering van Korps sal dit aan die lede van die vreniging aangebied word teen ses pennies stuk.

Die Korps Publikasiekomitee is in Oktober 1953 deur mnr. (tans ds.) P. J. W. Louw in die lewe geroep. Die doel van die Komitee is om die Calvinistiese beginsels deur middel van publikasies uit te dra. Die Komitee het alreeds die werke van Totius versamel en dit oorhandig aan die Kuratorium van die Gereformeerde Kerk vir publikasie.

Verder beoog hierdie publikasiekomitee om, indien moontlik, al die lesings wat vanjaar tydens die programvergaderings van Korps gehou sal word, later in die jaar te publiseer. Aangesien Korps vanjaar as sentrale tema „Die Jeugprobleem" gekies het, word daar getrag om 'n eenheidsgedagte in die publikasies van vanjaar te kry.



# VAN DIE REDAKSIE

Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.
6 Junie 1956.

Geagte Pukke,

„Die Wapad" van 23 Mei 1956 het verskyn met die stempel van Rassie Smit se ervaring en bekwaamheid daarop afgedruk. Intussen het hy bedank en 'n jong en onervare man het sy plek ingeneem. Dit is die huidige stand van sake.

Ek is egter gewillig om te leer, en met die hulp en raad van u almal, en die bystand van 'n bekwame redaksie, sal ek trag om „Die Wapad" voort te stuur op die pad wat reeds ingeslaan is. Laat ons dan almal saamstaan, kritiseer waar kritiek nodig is, raadgee as raad kan goed doen — dan kan „Die Wapad" niks anders as 'n sukses wees nie.

Met hierdie paar woorde wil ek dan die hoop uitspreek dat ons hartelik sal saamwerk en dat ons aan die einde van hierdie jaar sal kan sê: „Dit was 'n vrugbare jaar, desnieteenstaande terugslae wat gely is.

'n Drukke paar weke lê ons voor die deur — die I.S.C. kommissie, massavergaderings, halfjaarlikse verslae, kerkhofskoffel en daarby ook nog die steeds toenemende akademiese aktiwiteite. Gelukkig is daar altyd 'n welverdiende rustyd om na uit te sien.

Sterkte,

F. W. de Klerk (Hoofred.)




## „The Country Girl" vind byval

Op Saterdagaand, 19 Mei, het die P.U.-Musiekvereniging weereens aan die Potchefstroomse publiek 'n genoeglike aand verskaf deur die aanbieding van „The Country Girl", 'n ligte operette wat deur die Springs Operettevereniging opgevoer is. Dat so'n operette deur 'n groep entoesiaste sonder inagneming van finansiële bate, op die planke gebring kon word, toon duidelik dat in ons land, ook wat kulturele aktiwiteit betref, dit nie aan ywer en entoesiasme ontbreek nie. Die stuk wat opgevoer is was egter van so'n aard dat dit eerder afbreuk gedoen het aan die pogings van die deelnemers. Alhoewel dit inaggeneem moet word dat die doel van 'n operette, in teenstelling met die van 'n opera, hoofsaaklik is om te vermaak deur die behandeling van ligte stof op 'n kleurryke, skouspelagtige en humoristiese wyse, mag hierdie doelstelling nie verwesenlik word ten koste van 'n logiese samehang nie. In die geval van „The Country Girl" was die verhaal onsamehangend, soms pitloos, en die onwerklike en onoortuigende verloop daarvan het meegebring dat die items aanmekaar geryg is sonder dat enige eenheid behou word. In Suid-Afrika bestaan daar 'n groot tekort aan, en aanvraag vir geskikte operettes waarin bekende temas in ooreenstemming met die volkseie behandel word.

Vanuit artistieke standpunt beskou het die opvoering soms veel te wense oorgelaat; humoristiese insidente en kleurryke tonele het egter tot 'n groot mate vergoed en die belangstelling gaande gehou.

**Groenpunt-Kafee**

Von Wiellighstraat,

vir

Vars, Smaaklike
VRUGTE en GROENTE.

**Bus 206 Tel. 164 & 1167**

H/v. Wolmarans- en
Van Riebeeckstraat

**CENTRAL
CASH STORE**

POTCHEFSTROOM

Vir **Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.**

ONS IS DIE BILLIKSTE IN
DIE DORP.

## Mozart-Fees

Die volgende hoogtepunt in die program van die Musiekvereniging is die Mozart-fees wat moontlik die 1e September gehou sal word. Dertig spelers van die S.A.U.K.-Simfonie-orkes sal by hierdie geleentheid saam met die gekombineerde Volksteaterkoor en die Collegium Musicum koor 'n uitvoering van die Kroningsmis van Mozart gee. Mev. A. Papendorf sal ook 'n aria met orkesbegeleiding sing. Mnr. P. de Villiers sal met 'n klavierkonsert van Mozart optree, en die orkes sal hierbenewens ook selfstandig optree.

## Algemene Nuus

Die Raad het toestemming verleen tot die vervaardiging van 'n rolprent, in kleur, 16 mm. en met 'n klankbaan. Dit word gedoen met die oog op propaganda en advertensie, veral by skole, van die P.U. vir C.H.O. Alles wat op en in verband met die Universiteit plaasvind, sal in die vorm van 'n verhaal verfilm word. Die verhaal is geskryf deur mnr. Daan Eloff en mnr. Sorgdraer. Met die gradeplegtigheid op 17 Maart 1956 is alreeds 'n gedeelte van die film geneem, en gedurende die loop van die jaar sal ander funksies en geleenthede van belang ook nog verfilm word.

* * *

Die 6de, 7de en 8ste Junie is daar 'n gesamentlike byeenkoms vir sosiale Studie, waar alle universiteite teenwoordig sal wees. Dit vind plaas op Grahamstad aan die Rhodes Universiteit. Die P.U. vir C.H.O. sal deur Dr. P. J. van der Walt verteenwoordig word.

* * *

Dr. Gerhard Moerdijk het £2500 aan die P.U. vir C.H.O. geskenk en toegestem dat die rente op die kapitaal as 'n beurs aan studente, wat in kuns-geskiedenis verder wil studeer, gegee moet word.

* * *

Hester van Niekerk en Ferdie van Zyl is verloof.

* * *

Flip Snyman, voormalige S.R.-voorsitter is getroud met Welma Lessing.

# Afvaardiging van die I.S.C. eersdaags hier.

**Toe dit geblyk het dat die International Union of Students deur Liberale en Kommunistiese invloede oorheers is, is in 1950 oorgegaan tot die stigting van die International Student Conference (I.S.C.) as teenvoeter van bogenoemde organisasie. Vandag kan die Conference staatmaak op 'n groot ledetal en geniet adviserende status ten opsigte van UNESCO en is in noue samewerking met die World University Service.**

Een van die terreine waaraan die I.S.C. aandag skenk is die van akademiese segregasie en 'n ander is die probleem of die studente-organisasies wat lande op internasionale gebied verteenwoordig, wel verteenwoordigend is van die meerderheid studente in die lande.

'n Kommissie van die I.S.C. wat op bogenoemde terreine ondersoek instel in Suid-Afrika, bring op Saterdag, 16 Junie, 'n besoek aan die P.U. vir C. H.O.. Die Kommissie, wat sal bestaan uit die Studenteraadsvoorsitter van die Vrije Universiteit, Amsterdam, 'n Ierse en Sweedse afgevaardigde, word om 10.30 vm. verwag. Tydens hul verblyf wanneer hul die gaste van die Studenteraad sal wees, sal hul die Rektor, die dagbestuur van die Studenteraad en die hele Studenteraad ontmoet. Pogings word aangewend om hul verblyf, wat oorspronklik net sowat drie uur sou duur, te verleng.

'n Warme ontvangs van die kant van die Pukke sal meehelp om hierdie Kommissie 'n gunstige indruk te laat kry van die studentelewe aan dié Suid-Afrikaanse Universiteit waar die noodwendigheid van akademiese apartheid verdedig word, en om aan te toon dat die aanspraak van N.U.S.A.S. om as verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse studente op te tree ten sterkste ontken moet word.

## Die N.J.B. vier Republikeinse Jeugdag

Op Saterdag 26 Mei het die plaaslike studentetak van die Nasionale Jeugbond 'n interessante funksie gereël om die oorwinning van die Nasionale Party in die verkiesing van 1948 te herdenk.

Oorspronklik sou die verrigtinge op die Oude Molen-terrein plaasgevind het, maar vanweë die giere weersomstandighede moes die bestuur die plek van die verrigtinge verskuif na die Studentesaal.

Daar was 'n groot verskeidenheid van binnenshuise-speletjies wat groot aftrek geniet het. 'n Groot aantreklikheid van die verrigtinge was die program van boeresport wat op die terrein voor die Studentesaal gereël is. Die item wat deur al die aanwesiges die meeste geniet is, was die fietsreisies (waar die mededinger wat laaste by die wenpaal aangekom het as die wenner gekwalifiseer is) wat deur **Mnr. Tjaart van der Walt** (jnr.) gewen is.

Die hoofdis op die dag se program was die rede gelewer deur **Prof. H. L. Swanepoel.**

Die spreker het daarop gewys dat die Afrikanervolk vir sy voortbestaan nie aangewys is op sy betrekkinge met Engeland of enige ander buitelandse betrekkinge nie, maar op God.

Verder het spreker die jeug daarop gewys wat hulle taak in die verwesenliking van die Volksideaal is, en hulle opgewek om ywerig mee te bou.

## Vreugdedag-opbrengs

Na mnr. Peet Duvenage, voorsitter van die Vreugdedagkomitee, ons meedeel, is daar tydens die onlangse Vreugdedagvierings £67 op Parys ingesamel, sonder dat die onkoste afgetrek is, en £243 op Potchefstroom. Die Pukke het dit 'n bietjie ongelukkig getref op Parys waar al die mense hulle nie altyd simpatiekgesind was nie, hoewel hulle hulleself geen oomblik gespaar het om die kollekteblikke te skud en die aandag van die Vrystaters te trek nie. Ongeveer £17 is deur die hoofvlot ingesamel by hierdie geleentheid.

Op Potchefstroom het dit beter daaraan toegegaan en kon £243 ingesamel word. Hoewel hierdie bedrag nou nie so hoog is soos verlede jaar se opbrengs op Klerksdorp nie, vergelyk dit volgens mnr. Duvenage nogtans baie gunstig met die hoogste inkomste wat al op Potchefstroom ingesamel is tydens 'n Vreugdedagviering.

Die inkomste ingebring deur die kollektelyste is beter as ooit tevore, en die betrokke Pukkies wat hulle in hierdie verband beywer het, het hulle regtig goed van hulle taak gekwyt. Met feitlik al die kollektelyste teruggesorg, is die totale bedrag wat sover ingesamel is al sowat £700.

Gedurende Juliemaand geniet die invordering van geld deur die Studenteraad met die oog op die studentesaalboufonds voorkeur, met die gevolg dat die Vreugdedag-komitee nie sal kan insamel wat hulle beoog het nie. Verder is daar ook nog heelwat Pukkies beskikbaar en pogings sal aangewend word om ook op naburige dorpe, soos Klerksdorp, daarvan te verkoop.

# Die stryd om die ordes
## oftewel
# Koers in die krisis.

(Deur ons eie Sportredakteur)

Na rype beraad met die keurders (oftewel Groot 5) van die land van die orkane besluit om die volgende spelers nit te nooi na ons proefwedstryde op Donderdag 14 Junie.

BABEL

HEELAGTER: Peet Malan
VLEUELS: Jannie v.d. Walt
Rassie Smit
SENTERS: Kiewiet Vermeulen
Gert Buys
SKAKELS: Tos Liebenberg
Pierretjie Kruger
VOORRYE: Mooi Hennie Coetzee
Willem Maritz
HAKER: P. J. S. de Klerk (kapt.)
SLOTTE: Hessel Dykstra
A. P. C. Duvenage
FLANKE: P. G. L. v.d. Walt
Abie Pelser
AGSTEMAN: Boudewyn de Klerk
BESTUURDER: Tiglat-Pileser

EGIPTE.

HEELAGTER: Lang Britz
VLEUELS: Daan Taljaard
Hein Kruger
SENTERS: Nardus Droomer
W. v.d. Westhuizen
SKAKELS: Dirk Postma
Idyll v.d. Walt
VOORRYE: Koos Venter
B. D. C. Prinsloo
HAKER: Spottie Minnaar
SLOTTE: Koos v. Rooy.
Philip Kruger
FLANKE: Japie Venter
Flip v.d. Walt
AGSTEMAN: Brandewyn de Klerk (kapt.)
BESTUURDER: Kol. Nasser.

Dit is die hoofspanne. Die stryd behoort interessant te wees tussen Oom **Hein Kruger** en **Rassie Smit** op die vleuel. **Rassie** sal seker weer sy Bosluis-taktiek uithaal deur agter **Oom Hein** se oor weg te kruip.

**P. J. S. de Klerk** is 'n goeie haker maar is nie 'n goeie kaptein nie. Hy sal seker weer soos gewoonlik laat wees vir die wedstryd. Oom **Hein Kruger** kan bo **Boudewyn de Klerk** plek gekry het as kaptein, aangesien dit hom onder sy vrou se gesag kan uitbring om 'n bietjie leiding te gee. Boudewyn is egter 'n grapmaker en sing goed daarom sal hy die ideale kaptein wees.

ROME:

**Peet Steyn (Heelagter), Alwyn du Plessis en Abie Helberg (Vleuels), Stoker Snyman en Vos Venter (Senters, Schalk Buys en Oom Hennie Coetzee (skakels) H. Denkema en P. A. Smit (Voorrye), Gert Bester (haker, Lap Labuschagne en Deon Plesis (slotte) Gert Hattingh en Tokkelok v.d. Walt (kapt.) (flanke), Swart Piet Plessis (agsteman). Bestuurder: Julius Caesar.**

CYPRUS:

**Hannes v.d. Walt (Heelagter), Koos du Plooy (kapt.) en Wouter de Vos (Vleuels), J. B. Plessis en J. v. V. Plessis (senters), Tj. v.d. Walt en Louis Aucamp (skakels), Dawie Plessis en Proppie Coetzee (Voorrye), Stoeier v.d. Merwe (haker), P. de Bruyn en Piet Buys (slotte), Arrie v. d. Walt en swart Chris Coetzee (flanke), Christie Coetzee (Agsteman). Bestuurder: Makarios.**

**Peet Steyn** is fit (hy het renosters gejaag in Suidwes) **Koos du Plooy** kan sy span aan die brand steek. Wat wil jy meer hê van 'n kaptein. **Skalk Buys** behoort die wêreld vir **Tj. v.d. Walt** op losskakel te verduister. Die **Geheime Wapen** van die Romeine is **Awie Helberg** wat lawa sal spoeg om sy teenstanders uit te wis. **Stoeier v.d. Merwe** is net uitgenooi vanwege sy muilskoppe (wat goed te pas sal kom as haker) en sy kopklemme.

Die keurders, wat bestaan uit **Jacob v.d. Vinne** (Convenor), **Lammert Stavast, Ludi Schulze, Sj: Kruger en Dallie van Dalsen** (die groot vyf) behoort die volgende toetsspan saam te stel:

TOETSSPAN:

**Peet Steyn (of Tj. v.d. Walt) (Heelagter), Gert Buys en Hein Kruger (kapt.) (Vleuels), J. B. Plessis en Dirk Postma (Vleuels), W. v.d. Westhuizen en Jos Liebenberg (skakels), Koos Venter (of Koos du Plooy) en Proppie Coetzee (Voorrye) P. J. S. de Klerk (haker), Dean Plessis en A. P. C. Duvenage (Slotte), Stoker Snyman en Awie Helberg (flanke), B. de Klerk (agsteman en O/kapt.).**

**Jacob van der Vinne** kan vanweë sy kennis van **sokker** die probleem van Kaptein oplos as hy self besluit om te speel. (Sy **liddorings** gee hom glo te veel las.)

**Rassie Smit** (Alsydig), **P. G. L. van der Walt** (Onpartydig) en **Jansie Plessis** (Onkundig) behoort die reisende reserwes te wees.

**Studente . . . !!**

**Vir al u**

- **Handboeke,**
- **Skryfbenodigdhede,**
- **Leertasse,**
- **Geskenke, ens.!**

**BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS**

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 90 — Telefoon 497**

**MOOIRIVIER-APTEEK**

**Kerkstraat 155,**

**POTCHEFSTROOM**

**Telefoon 380.**

**Die Apteek vir Diens!!**

**J. HEIDEMA**
**Vir**
**FIETSE,**
**TIKMASJIENE**
**en**
**MOTORFIETSE**

**J. HEIDEMA**
**(teenoor Geref. Kerk.)**
**Kerkstraat 30,**
**POTCHEFSTROOM.**

# MENSE
## op die voorgrond

**Mnr. Pegleg du Plessis** en sy verloofde het gaan vis vang by Wasgoedspruit.

* * *

**Admiraal Japie Labuschagne** het 'n beroep gedoen op die seksie van die hawe Visdamia om tog nie te gaan sit as hulle wil eet nie.

* * *

**Prof. Piet Brand** en sy aanvallige vroutjie is onlangs opgemerk onder die gaste by 'n onthaal in die huis van die Burgemeester van Tarentaal.

* * *

Die beroemde balletdanser, **Mnr. At Slinters,** sal binnekort in die Johannesburgse stadsaal optree.

* * *

**Mnr. Snorkels Fourie,** die groot kampvegter vir vrouebelange, is onlangs opgemerk in die geselskap van een of ander aantreklike dametjie uit die buiteland.

* * *

**Adv. Rooi-Bekker** het onlangs tot die vaatjie toegetree aangesien die balie vir hom te klein geword het.

# Het u geweet dat . .

**Breggie van Rooy** gedurig kla oor die belemmering van die lugposdiens tussen die Unie en Suid-Wes?

* * *

**Anneke Tom** elke naweek oefen om Doorsgewys te staan?

* * *

**Hermina van der Dussen** haar al vereenselwig met 'n koorsblaar op die lip as sy Sondagaande sleep?

* * *

**Kobie Pretorius** droom van 'n swart Chrysler en 'n chauffeur?

* * *

**Rina Robberts** en **Babie Snyman** nogal iets in gemeen het?

* * *

**Betsie Kruger** leer om loshande te sleep?

* * *

**Leonora Malan** lief is vir die uitdrukking: Gaan blaas Doppies?

* * *

**Leoni Heslinga** nooit geweet het dat 'n laatverlof so gou kan omgaan nie?

**Ina Coetzee** se ma haar teen Tokkelokke gewaarsku het?

* * *

**Sarie Grobler** ook soms aarde toe kom?

* * *

**Marietjie Geere** die son saam met haar dra?

* * *

**Marike Willemse** soms skaam word want sy hoor daar gaan praatjies rond oor haar, die politiek, . . . en haar skielike voorliefde vir Spearmints?

* * *

**Die tweedejaars** verlof van **F.W.** ontvang het om hom op sy tweede naam, Willem, te noem?

* * *

STEL U VOOR:

**Peet Malan:** Oefen „Chesterfield grips" in die **Biblioteek-portaal.**

**Martini Postma** die heeldag sonder **Thelma Pretorius.**

**Andrew Makkink:** probeer die A-toombom boikot deur ketties te vervaardig.

**Idyll v.d. Walt** as Hanswors in Wilkie se sirkus.

**Bettie Linde** as 'n verstokte oujongnooi.

**Nic Viljoen** as ambassadeur in Agter-Indië.

**Mooi Hennie Coetzee** as 'n nagmerrie in die dameskoshuise.

**Ina en Johanna v.d. Vyver** as 'n tweeling.

**Louis Aucamp** as S.R.-voorsitter.

**Johan v.d. Walt** as Inter-Universitêre Kys-kampioen.

**Elizabeth Geertsema** as Klaskapteine vir die U.O.D.'s.

**Die Kierie-skwad** sonder stokke.

# Koerante se menings oor die Intervarsity.

Vrystaatse en Transvaalse koerante was dit eens dat Puk verdien het om die Intervarsity teen U.O.V.S. te wen en het Theos groot lof toegeswaai.

**,,Die Volksblad''** skryf onder die opskrif: ,,Pukke benut hul kanse en wen Intervarsity'' onder andere as volg: ,,Potchefstroom het hul oorwinning van 13—6 verdien, omdat hulle hul kanse benut het en met rotsvaste verdediging die agterlyn van U.V. nie veel beweegruimte toegelaat het nie . . . . Stoney Steenkamp, die agsteman en aanvoerder van Potchefstroom, het kop en skouers bo die ander uitgestaan.''

**,,Dagbreek en Sondagnuus''** se beriggewer skryf: ,,Pukkies behaal verdiende Sege . . . . Pukke se agterlyn met die twee senters op hulle stukke was goud werd vir die besoekers. Stoney Steenkamp . . . was 'n toring van krag.''

Die Bloemfonteinse koerant, **,,The Friend''** meld in sy verslag onder meer: ,,Although U.O.F.S. were beaten 13—6 by the Potchefstroom students . . . they could have won had their players supported one another better in the loose . . . Steinberg and De Lange . . . are two line-out forwards who get the ball away smartly . . . M. Meyer of U.O.F.S. played well at times, but was outclassed by the more experienced . . "Swart" Steenkamp. . . . . Of the centres, Fourie, of Potchefstroom, was the best. He is a sturdilybuilt player with lots of speed and the only three-quarter on the field to take the shortest route to the try-line . . . . Eramus had a magnificent match. There was class in everything he did.''





**,,Elke Sigaret 'n Meesterstuk''**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*,,Die sigaret wat u altoos graag wou rook''*

Kopierez RA136 XZZ


# MANSHOKKIE.

## *Puk verniel Proefplaas.*

Op 'n nat en glyerige baan wat goeie spel baie moeilik gemaak het, het Puk se eerste span verlede Saterdag op skitterende wyse vir Proefplaas van hul voete af gespeel om 6—0 te wen.

Die P.U.-span het in die jongste tyd baie vinnig verbeter onder die bekwame hand van hulle afrigter, Dr. Joubert, sodat hulle in die wedstryd met konstruktiewe en mooi hokkie nieteenstaande moeilike speelomstandighede vorendag kon kom. Proefplaas daarenteen kon net nie opweeg teen die Pukke nie.

Vir P.U. het veral Paul de Bruyn en Gert van den Berg, die twee binnevoors, verras, terwyl Rosser White innig ontwikkel in die vonds van die jaar. Piet van Wyk het sy gewone goeie spel gelewer en 3 doele aangeteken. Die ander doele is aangeteken deur Gert (2) en Paul (1).

Hoewel die 3e span hulle bes gedoen het en goeie spel gelewer het, was Rustenburg se 1e span nou eenmaal te goed en moes hulle die onderspit delf met 4 doele teen 0.



Christi Coetzee

# Dameshokkie.

Op Saterdag 19 Mei het die eerste dameshokkiespan hulle skitterend van hulle taak gekwyt deur Normaal te klop met 'n telling van 2—0. Die span se voorlyn het baie goed saam gespeel en die agterlyn het bankvas gestaan. Jo Schoeman het as middelvoor twee lieflike doele geskiet.

UITSLAE VAN
DIE AFGELOPE TYD.

RUGBY:
THEOS:
U.P. 18 — P.U. 6.
P.U. 6 — W.R. 0.
NAVY:
Blyvoor 6 — P.U. 3.
W.R. 8 — P.U. 0.
FIRES:
P.U. 6 — Spoorweg 6.
O/19:
P.U. 30 — Blyvoor 0.
P.U. 17 — Klerksdorp 0.
MANSHOKKIE:
1e Span P.U. 6 — Proefplaas 0.
2e Span: P.U. 3 — Rustenburg 2.
3e Span: P.U. 5 — Normaal (c) 0.
P.U. 0 — Rustenburg (A) 4.

SIEN ANDER BERIGTE OP BL. 4.

**FOUTIEWE FOTO.**

Weens 'n tegniese fout is die foto wat op die sportbladsy van ,,Die Wapad'' van 9 Mei verskyn het nie 'n foto van Mej. A. Struwig nie. Dit spyt ons dat hierdie foutjie ingesluip het.


**KOM SIEN ONS—**

**vir al u**

- **Fotografiese**

**en**

- **Aptekersbenodigdhede.**

**GEEN & VELLEMAN**

**Kerkstraat,**

POTCHEFSTROOM.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**

VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.

**,,Netheid en Kwaliteitswerk'' is ons Leuse.**

**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**SONSKYN KAFEE**
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM

VIR U —

SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE,
EN ANDER VERVERSINGS
ASOOK
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.